



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V2**

**FEBRUARIE/MAART 2010**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.**

**VRAAG 1: HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE DIE BEËINDIGING VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?****BRON 1A**

Die volgende uittreksel kom uit 'n skoolhandboek *Viva History* deur C Dugmore et al.

Die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 was 'n historiese gebeurtenis wat die hele wêreld deur weergalm het. Die ineenstorting van kommunisme het nuwe moontlikhede ontsluit. Dit het beteken dat die apartheidsregering nie meer die beleid van apartheid kon regverdig as noodsaaklik om die uitbreiding van kommunisme te keer nie. Dit het een van die belangrikste redes vir die Weste [VSA en Brittanje] se ondersteuning van die Nasionalistiese (De Klerk) regering uit die weg geruim ...

Die Hamer en Sekel, die simbool van die Sowjetunie

**BRON 1B**

Die volgende is 'n uittreksel uit *The State of Africa* deur M Meredith.

Die val van die Sowjetunie en die sosialistiese regerings in Oos-Europa in 1989 het die ANC ontnem van een van sy hoofbronne van finansiële, logistieke en militêre ondersteuning. Die vrees dat die ANC as 'n Trojaanse perd [apparaat wat gebruik word om 'n vyand se val te bewerkstelling] gebruik kon word om Sowjetbelange te bevorder, het verdwyn.

De Klerk was vinnig om die belangrikheid van hierdie strategiese openinge te begryp ... Toe hy die balans van risiko's teen mekaar opweeg, het De Klerk geglo dat daar 'n goeie kans was dat, sou die ANC, wat swak georganiseerd en swak voorbereid vir vrede was, bevry word, dit in wanorde gedompel sou word, en dit sou die regering die geleentheid gee om vorentoe te beur met 'n nuwe alliansie konserwatiewe swart organisasies ...

Op 'n kalm, selfversekerde wyse het hy in die parlement in Kaapstad op 2 Februarie 1990 aangekondig dat hy die verbod op die ANC ophef en Mandela vrylaat. 'Dit is tyd vir ons om uit die siklus van geweld te breek en om deur te breek na vrede en versoening,' het hy aangekondig, terwyl hy die nuwe doelwitte geskets het wat die regering sou probeer bereik. Hierdie doelwitte het 'n demokratiese grondwet ingesluit, sowel as algemene stemreg. In werklikheid het De Klerk die doodsvonnis oor apartheid aangekondig.

**BRON 1C**

Die volgende bron bestaan uit twee gedeeltes oor die vrylating van politieke gevangenes in 1989.

**GESKREWE BRON:** Die volgende is 'n gedeelte uit 'n brief wat Nelson Mandela aan FW de Klerk geskryf het toe politieke gevangenes vrygelaat is. Geneem uit *Long Walk to Freedom*.

Mnr. die President

Ek hoop dat minister Kobie Coetsee (Justisie) en minister Gerrit Viljoen (Grondwetlike Sake) u ingelig het dat ek u besluit in terme waarvan sewe medegevangenes op 15 Oktober 1989 vrygelaat is, innig waardeer, en dat u my vroegtydig daarvan in kennis gestel het. Die vrylating was duidelik 'n belangrike ontwikkeling wat met reg lof uitgelok het, beide hier en oorsee ... In u inhuldigingsrede op 20 September 1989 het u 'n belangrike stelling gemaak wat 'n formidabele impak binne en buite die land moes gehad het. U het gesê: 'Daar is slegs een weg na vrede, na geregtigheid vir almal, en dit is die weg van versoening, van saam soek na wedersyds aanvaarbare oplossings, van saam bespreek hoe die nuwe Suid-Afrika moet lyk, van grondwetlike onderhandeling met die oog op 'n permanente ooreenkoms.'

**VISUELE BRON:** Hierdie foto toon die politieke aktiviste by die 'Welkom tuis'-byeenkoms wat in 1989 in Soweto vir die bevryde leiers van die ANC gehou is.



**VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN DIE 1990's TOT DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA (SENTRAAL-AFRIKA) GELEI?****BRON 2A**

Angola was 'n pion in die Koue-Oorlog-stryd: Rusland en Kuba het die Marxistiese MPLA-regime in Luanda gesteun en Amerika het Jonas Savimbi se rebelse UNITA-beweging gesteun. Die einde van die Koue Oorlog het die situasie verander.

Die volgende is 'n aangepaste uittreksel uit *Africa – Altered States, Ordinary Miracles* deur Richard Dowden.

In Angola, net toe die Koue Oorlog ten einde geloop het, het die Amerikaners 'n vredesooreenkoms begin organiseer asof die Angolese burgeroorlog bloot 'n uitbreiding van die Koue Oorlog was. Die MPLA [Popular Movement for the Liberation of Angola] het die fasade van Marxisme-Leninisme laat vaar, en 'n verkiesing uitgeroep. Dit is in Desember 1992 gehou en Amerika het UNITA [National Union for the Total Independence of Angola] gesteun. Die MPLA is tot wenner verklaar; Savimbi het die uitslag verwerp en die oorlog het weer begin.

Die Amerikaners, toe hulle besef dat Savimbi nie kon wen nie, het na die ander kant toe omgeskakel en begin om die MPLA te help om die oorlog te wen.

In die middel 1990's, gretig om Angolese olie te verkry, het die VSA sy vroeëre standpunt, dat nie een van die twee partye die oorlog in Angola kon wen nie, laat vaar. Noudat hulle kante geruil het, het die Amerikaners in 1999 die regering gehelp om 'n aanval te loods om UNITA uit sy vesting in Sentraal-Angola te dryf. In die steek gelaat deur die Amerikaners, het UNITA steun van buite Angola verloor. In 1996 is sy grootste vriend in Afrika, president Mobutu Sese Seko van die Kongo (Zaire), omvergewerp. Die Angolese weermag het die vloei van voorrade oor die grens versper. Die Angolese het 'n kragstasie in noordelike Zambië met bomme bestook om die Zambiese regering te waarsku oor sy steun aan UNITA.

**BRON 2B**

Die volgende uittreksel kom uit *Africa* deur T Falola.

Die Bicesse Ooreenkoms is laat in Mei 1991 in Lissabon [Portugese hoofstad] onderteken. Die ooreenkoms het aangedring op 'n veelpartystelsel en vir 'n skeiding tussen die partye aan die een kant en die nasionale regering en die weermag aan die ander kant. Dit het ook aangedring op die integrasie van die MPLA en UNITA in 'n enkele weermag.

Intussen het meer as 'n halfdosyn politieke partye tot stand gekom, maar hulle het te klein gebly en was te versplinter om teen die MPLA en UNITA op te weeg. In die konteks van die vredesooreenkoms, en na amper twee dekades van burgeroorlog, het 'n element van verandering in die lug gehang. Paaie na die binneland is oopgestel om te reis, 'n vrye pers het floreer, en die verkiesing is vir September 1992 beplan. Die VN se verkiesingswaarnemers het aangekondig dat die 1992-verkiesing redelik eerlik en regverdig was. Selfs vliegtuie en helikopters is gebruik om mense vanaf afgeleë plekke na die stemlokale te bring. Die MPLA het 'n meerderheid stemme gekry, net meer as 49%.

**BRON 2C**

Hierdie bron bestaan uit twee dele: 'n geskrewe bron en 'n visuele bron.

**GESKREWE BRON:** Geneem uit *Responding To Landmines: A Modern Tragedy and its Consequences, Diana, Princess Of Wales*. London, 12 Junie 1997. Verkry van die webwerf <http://gos.sbc.edu/d/diana>.

... Ek was in Januarie in Angola saam met die Britse Rooikruis – 'n land waar daar 15 miljoen landmyne in 'n bevolking van 10 miljoen is – met die begeerte om die wêreld se aandag op hierdie uiters belangrike, maar voorheen grootliks verwaarloosde, kwessie te fokus. Sekere mense het gekies om my besoek as 'n politieke stelling te interpreteer. Dit was nie ... My belange is humanitêr van aard. Dit is hoekom ek aangetrokke gevoel het tot hierdie menslike tragedie.

Een van my doelwitte met my besoek aan Angola was om die saak te bevorder van diegene, soos die Rooikruis, wat in die naam van die mensdom daarna strewe om 'n internasionale verbod op hierdie wapens te verkry ...

Die land is verryk deur die werk wat gedoen is deur sy oorsese agentskappe en nieregeringsorganisasies, wat werk om mense te help om die gehalte van hulle lewens te verbeter. Maar landmyne werp 'n konstante skaduwee oor so veel van hierdie werk. Ek sou graag wou sien dat meer gedoen word vir die mense wat in hierdie 'niemandsland', wat tussen die onregte van gister en die dringende nood van vandag lê, woon.

**VISUELE BRON:** Prinses van Wallis, Diana, met landmynslagoffers in Angola.



**VRAAG 3: HOEKOM WAS DIE 1994 ALGEMENE VERKIESING 'N SPESIALE HISTORIESE GEBEURTENIS IN DIE POLITIEKE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA?****BRON 3A**

Die volgende bron bestaan uit twee uittreksels.

**UITTREKSEL 1: Geneem uit *No Future without Forgiveness* deur Desmond Tutu.**

27 April 1994 – die dag waarop ons al hierdie lange jare gewag het, die dag waarvoor die stryd teen apartheid gevoer is ... Nadat ek gestem het, het ek na buite gegaan en die mense het gejuig en gesing en gedans. Dit was soos 'n fees. Ek het besluit om rond te ry om te sien wat aan die gang was.

Dit was 'n verstommende spektakel. Mense van alle rasse het saam in dieselfde rye gestaan, moontlik vir die heel eerste keer in hulle lewens. Professionele mense, huishulpe, skoonmakers en hulle werkgewers ... daardie lang ure het ons Suid-Afrikaners gehelp om mekaar te vind. Mense het koerante, toebroodjies en sambrele gedeel, en die skille het van hulle oë begin afval. Suid-Afrikaners het mede-Suid-Afrikaners gevind ... Hulle het nie 'n kleurling, 'n swarte, 'n Indiër, 'n witte ontdek nie. Nee, hulle het medemense gevind ... almal het dieselfde bekommernisse en ambisies gehad. Hulle wou 'n ordentlike tuiste, 'n goeie werk, 'n veilige omgewing vir hulle gesinne en goeie skole vir hulle kinders hê, en amper niemand wou die wittes in die see in dryf nie.

Die swart persoon het die stembokkie binnegegaan as 'n sekere mens en het anderkant 'n nuwe mens uitgekom ... sy het binnegegaan gebukkend onder die pyn en las van onderdrukking ... sy het as 'n nuwe persoon herverskyn: 'Ek is vry.' Die wit persoon het die stembokkie binnegegaan, gebukkend onder 'n swaar skuld las omdat hy die vrugte van onderdrukking en onreg geniet het. Hy het as 'n nuwe mens uitgekom. Hy het ook uitgeroep: 'Die las is van my skouers gelig, ek is vry ...'

**UITTREKSEL 2: Geneem uit *Tomorrow is Another Country* deur Allister Sparks.**

... die handeling van saam tustaan om in die land se eerste demokratiese verkiesing te stem, is op in 'n magdom maniere openbaar: deur die roerende prentjie van 'n ou, swart vrou wat in 'n kruiswa stembus toe gestoot is; deur 'n jong, swart vrou wat haar arms spontaan om 'n jong, wit vrou gegooi het toe sy uit die stemlokaal kom en 'n soen op haar wang plant; en deur die werklose swarte in die tou agter my wat eenvoudig gesê het: 'Nou is ek 'n mens.'




**BRON 3B**

Die volgende bron bestaan uit twee dele: 'n geskrewe bron en 'n visuele bron.

**GESKREWE BRON: Geneem uit *The State Of Africa* deur Martin Meredith.**

Die oordrag van mag is in 'n atmosfeer van 'n oorstroom van welwillendheid uitgevoer. Toe hy die boek toemaak op drie eeue van wit regering, het De Klerk woorde van aansporing gekies wat by so 'n historiese oomblik gepas het. 'Mnr. Mandela het 'n lang pad gestap en staan nou op 'n heuwel. 'n Man met 'n lotsbestemming weet dat anderkant hierdie heuwel daar nog een en nog een is. Die reis is nooit klaar nie. Terwyl hy die volgende heuwel beskou, hou ek my hand in vriendskap en samewerking uit na mnr. Mandela.'


**VISUELE BRON: President Mandela en De Klerk na die inhuldigingseremonie in 1994. Verkry van die webwerf [http://www.blackpast.org/files/blackpast\\_images](http://www.blackpast.org/files/blackpast_images).**

**BRON 3C**

Hierdie is 'n uittreksel uit Nelson Mandela se inhuldingsrede op 10 Mei 1994.

... Uit die ondervinding van 'n buitengewone, menslike ramp wat te lank aangehou het, moet 'n gemeenskap gebore word waarop die hele mensdom trots sal wees ...

Die tyd vir die genesing van wonde het gekom. Die oomblik om die afgronde wat ons skei te oorbrug, het gekom. Die tyd om te bou, is hier ... Ons sluit 'n verbond dat ons 'n gemeenskap sal bou waarin alle Suid-Afrikaners, beide swart en wit, in staat sal wees om fier en trots te kan loop, sonder enige vrees in hulle harte, verseker van hulle onvervreembare reg op menslike waardigheid – 'n reënboognasie in vrede met homself en met die wêreld ...(GESIMBOLISEER DEUR 'N NUWE VLAG VIR 'N NUWE, DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA)





**VRAAG 4: HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GESLAAG IN DIE ONTBLOTING VAN DIE WAARHEID OOR SUID-AFRIKA SE PYNLIKE VERLEDE?****BRON 4A**

Die volgende uittreksel is geneem uit *Truth Justice Memory* en bestaan uit twee standpunte.

**STANDPUNT 1: Ondervindinge van MK-rekrute en ondervindinge wat by die WVK-verhoor vertel is.**

Phila Portia Ndwandwe het Suid-Afrika onwettig verlaat om by Umkhonto weSizwe aan te sluit nadat sy die skool verlaat het. Sy het haar basiese militêre opleiding in 1985 in Angola gedoen. Die naam wat MK vir haar gegee het, was Zandi of Zandile. Haar destydse bevelvoerders onthou haar as voorbeeldig, hoogs intelligent, toegewyd en hardwerkend.

Na haar opleiding is sy Swaziland toe gestuur, vanwaar MK se operasies in KwaZulu-Natal geloods is. Haar toegewydheid het haar meerderes so beïndruk dat sy tot MK-bevelvoerder vir operasies in Natal bevorder is. Richard Jones, 'n lid van Phila se eenheid, onthou haar as 'n 'sterk persoon, met 'n sterk persoonlikheid, en sy het 'n sterk en kragtige liggaam ook gehad'. Haar eenheid was baie suksesvol en Phila se aansien het binne MK gegroei. Phila en haar MK-kameraad Bheki Mabuza het begin saambly in Manning en het in Junie 1988 'n baba gehad. Hulle het hom Thabang genoem.

Eendag, in Oktober 1988, het Phila 'n vergadering met van haar kamerade gehad. Daarna het sy in 'n motor geklim en is nooit weer gesien nie. Haar verdwyning het baie bekommernis onder die MK-opperbevelvoerders veroorsaak. Sy was 'n sleutelpersoon in die Swaziland/KwaZulu-Natal-operasie en het kennis gedra van al MK se strukture en planne. Hulle het geweet iets is baie verkeerd ...

**STANDPUNT 2: Polisiegetuïenis tydens 'n aansoek om amnestie by die WVK-verhoor.**

Die polisie was bekommerd oor die doeltreffendheid van Phila se eenheid en het besluit om haar te neutraliseer. Hulle het besluit om haar uit Swaziland te ontvoer en dan om haar te oorreed om na die ander kant oor te gaan en teen MK te werk. In Oktober 1988 het die manne Swaziland met vals paspoorte binnegegaan, begelei deur twee Askari's, gewese MK-agente wat na die ander kant oorgeloop het. Die Askari's het 'n ontmoeting met Phila in Manzini gereël. Haar kollega, Richard Jones, het met haar na die ontmoeting toe gery. Sy het vir hom gesê dat sy hom later sou sien, en het in die bakkie saam met die Askari's geklim. Volgens die polisiemanne is Phila se hande toe vasgebind en sy is grens toe geneem, waar sy gedwing is om saam met hulle deur die grensdraad te kruip. Terug in Suid-Afrika het Phila se ondervraging begin. Majoor Hendrik Botha het getuig dat hy haar gevra het om haar samewerking te gee as polisie-informant, maar sy het geweier en het nooit enige teken gegee dat sy dit sou oorweeg nie. Botha en Wasserman het alle beweringe deur die WVK dat hulle Phila gemartel het, ontken, alhoewel sy gedwing is om haar klere uit te trek. Hulle het toegegee dat hulle nooit van voornemens was om haar aan te kla nie. (Vervolg op bladsy 10).

Phila is ook deur sekuriteitspolisie van die destydse Oos-Transvaalse tak ondervra, en toe deur Kolonel Johannes Steyn. Phila het vir hom gesê dat sy nooit met hom sou saamwerk nie, ongeag wat hulle aan haar doen, en dat sy sou voortgaan met haar MK-aktiwiteite, sou sy vrygelaat word. Die polisiemanne het tot die gevolgtrekking gekom dat Phila 'te sterk was om te kraak', dat sy baie dapper was en dat sy nooit haar kamerade sou verrai nie. Steyn het toe die bevel gegee dat Phila doodgemaak moet word.

#### **BRON 4B**

Die volgende is 'n uittreksel uit die voorlegging aan die WVK wat deur die IVP-leier, Mangosuthu Buthelezi, gelewer is.


My eie, diep oortuiging is dat geweld 'n euwel is en dat dit nie gebruik moet word om politieke redes nie. En ten spyte daarvan dat die IVP konstant daarteen waak om geweld uit die IVP se politiek te hou, weet ek dat lede en ondersteuners in geweld ingetrek is. Ek sê vir SA dat ek spyt is hieroor, want, alhoewel ek geen enkele daad van geweld teen een enkele slagoffer van hierdie geweld wat ons al so baie lewens gekos het, georkestreer het nie, weet ek, as die leier van die IVP [Inkatha Vryheidsparty] dat dit direk my verantwoordelikheid is. Van my kant af wil ek graag sê dat ek jammer is vir enige pyn wat ek die ANC-leierskap veroorsaak het. Ek hoop van harte dat die verskoning aan mnr. Mandela en andere wat ek in my hart dra, net so eenvoudig en openbaar deur hom en andere gemaak sal word soos wat ek nou self weer gedoen het. Ek weet, omdat ons mense is en daarom sondaars, dat ons mekaar môre nog steeds sal seermaak. Ten spyte daarvan vra ek om verskoning vir die seer van die verlede en ek vra dit ook namens my volgelinge.

**BRON 4C**

Die volgende spotprent deur Zapiro kom uit die *Sowetan* van 25 Julie 1999.

DIE WAARHEIDSKOMMISSIE IS 'N  
HEKSEJAG!

DIE GEHEIM IS OM SO HARD TE  
SKREE DAT **ONS** SOOS  
SLAGOFFERS BEGIN LYK!



**ERKENNING**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende bronne geneem:

- Bradley, C. 1996. *Causes and Consequences of the End of Apartheid* (Raintree Steck – Vaughn)
- Bottaro, J et al. 2007. *In Search of History – Grade 12* (Oxford University Press)
- Clark, JF. 2002. *The African States of the Congo War* (Palgrave)
- Christie, K. 2000. *The South African Truth Commission* (Palgrave Publishers)
- Culpin, C. 2000. *South Africa since 1948* (John Murray Publishers)
- Dlamini, N et al. 2007. *Shuters History Grade 12* (Shuter & Shooters Publishers)
- Dowden, R. 2001. *Africa – Altered States, Ordinary Miracles* (Cambridge University Press)
- Dugmore, C et al. 2007. *Viva History – Grade 12* (Vivlia Publishers & Booksellers)
- Falola, T. 2003. *Africa* (Carolina Academic Press)
- Friedman, M et al. 2007. *Focus on History Looking into Past Grade 12* (Maskew Miller Longman)
- Gevisser, M. 2007. *The Dream Deferred: Thabo Mbeki* (Johnathan Ball Publishers)
- Govender, SP et al. 2007. *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishing Enterprises)
- Graves, F et al. 2007. *Moments in History* (Juta Gariep)
- <http://www.blackpast.org/files/blackpast>
- Mandela, N. 1994. *Long Walk to Freedom* (Abacus)
- Meiring, P. 1999. *Chronicle of the Truth Commission: A Journey through the past and present – into the future of South Africa* (Carpe Diem Books)
- Meredith, M. 2005. *The State of Africa. A History of Fifty Years of Independence.*
- Mkondo, R. 1993. *Reporting South Africa* (Heinemann Publishers)
- Mohamed, S et al. 2004. *Capital flight from South Africa 1980-2000*
- <http://www.tips.org.za/events/forum2004/Papers>
- Morris, M. 2004. *Every Step of the Way. The journey to freedom in South Africa* (Cambridge University Press)
- Nugent, P. 2004. *Africa since Independence: A Comparative History* (Palgrave Macmillan, Basingstoke)
- Roberts, M. 2001. *South Africa 1948-1994* (Longman)
- Saul, S. 1986. *South Africa – the Crisis Deepens* (Juta)
- Sparks, A. 1994. *Tomorrow is Another Country* (Struik Publishers)
- Sowetan (1 December 1998) *Sunday Times: How Hani Died* (11 April 1993 edition)
- Tutu, D. 2000. *No Future without Forgiveness* (Juta Gariep)
- Woods, D. 2001. *Nelson Mandela The Illustrated Long Walk to Freedom* (Little Brown)